



**Van Velden - Duffey**

Attorneys ■ Babueledi ■ Prokureurs

## LEWENDE TESTAMENT

Hierdie is 'n lewende testament van my

\_\_\_\_\_

Identiteitsnommer: \_\_\_\_\_

wat by my volle verstand is, en na versigtige oorweging maak ek die volgende verklaring:

### 1. NIE-HERROEPING

Hierdie lewende Testament herroep nie enige vorige Testament deur my gemaak nie.

### 2. INTERPRETASIE

In hierdie lewende Testament, sal –

- 2.1. “dokter” beteken enige een of meer van die mediese praktisyns wat van tyd tot tyd gevra is of gevra kan word om my te ondersoek en om 'n vooruitsig van my mediese toestand te maak;
- 2.2. “sisteem” beteken enige meganiese of kunsmatige lewensondersteuningsstelsel of die gebruik van verdowingsmiddels.

### AS GETUIES:

1. \_\_\_\_\_

TESTATEUR / TESTATRICE

2. \_\_\_\_\_

### 3. ONBEVOEGDHEID OM TE BESLUIT

Indien die tyd sou aanbreek dat ek nie langer instaat sal wees om besluite met betrekking tot my eie toekoms te neem nie en indien my fisiese en/of verstandelike toestand so agteruitgegaan het dat daar geen redelike vooruitsig van my herstel daarvan is nie en dit verwag word om vir my ernstige ellende te veroorsaak of om my onbevoeg te maak om redelik te kan voortbestaan versoek ek dat

- 3.1. ek toegelaat moet word om te sterf. Ek versoek verder dat geen stelsel wat, as dit nie gebruik word nie, my dood tot gevolg sal hê gebruik moet word om my aan die lewe te hou nie;
- 3.2. ek enige hoeveelheid verdowingsmiddels wat ek benodig om my vry van pyn en ellende te hou moet ontvang, al word my dood hierdeur verhaas.

### 4. VRYSTELLING

Dit is my uitdruklike begeerte dat my dokters en my familielede wat voldoen aan my voorafgaande versoeke vrygestel en onthef sal word van enige aanspreeklikheid wat ookal mag ontstaan voortspruitend uit hulle gebruik van of versuim om van 'n sisteem gebruik te maak of hulle besluit om die gebruik van enige sisteem te staak.

GETEKEN TE \_\_\_\_\_ op hierdie \_\_\_\_\_ dag van  
\_\_\_\_\_ 20\_\_\_\_ in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies.

#### **AS GETUIES:**

1. \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_  
TESTATEUR / TESTATRISE

2. \_\_\_\_\_